**DEPARTEMENT VAN WATER EN SANITASIE**

**NO. 1341** **28 OKTOBER 2016**

**WATERNAVORSINGSFONDS – BELASTINGS EN VORDERINGS: VEHOGING VAN 5.8%**

1. Ek, Mev NP Mokonyane, in my hoedanigheid as Minister van Water en Sanitasie, hef hiermee, kragtens die bevoegdheid aan my verleen ingevolge artikel 11 van die Waternavorsingswet, 1971 dat die waternavorsingbelasting met 5.8% verhoog word en die volgende belasting en vorderings sal vanaf 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017 geldig wees:

(a) Vyf komma agt en nege sent (5,89c) ten opsigte van elke hektaar grond wat te eniger tyd gedurende die 2016/2017-waterjaar kragtens artikel 22(1)(a)(ii) van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), toelaatbaar is of ten opsigte waarvan 'n toewysing ingevolge Hoofstuk 4 van die genoemde Nasionale Waterwet gemaak is met die oog op die besproeiing daarvan te eniger tyd gedurende genoemde waterjaar met water wat uit enige staatswaterwerk verskaf of beskikbaar gestel word. Hierdie belastings en vorderings word deur of in opdrag van die Direkteur-Generaal: Water en Sanitasie verhaal gelyktydig met enige ander vordering wat ek gedurende genoemde tydperk kragtens artikel 57 van genoemde Nasionale Waterwet ten opsigte van die betrokke grond hef, en indien geen sodanige vordering gehef word nie, is die vordering wat hierby gehef word op aanvraag aan die Direkteur-Generaal: Water en Sanitasie betaalbaar.

(b) Die bedrag in 1(a) hierbo vermeld, is van toepassing ten opsigte van elke hektaar grond wat onder beheer van 'n besproeiingsraad of 'n ander waterbestuursinstelling kragtens genoemde Nasionale Water en Sanitasie toelaatbaar is met die oog op die besproeiing daarvan te eniger tyd gedurende die 2016/2017-boekjaar van so 'n raad of liggaam, met water wat verskaf of beskikbaar gestel word uit 'n staatswaterwerk of 'n waterwerk wat aan sodanige raad of liggaam behoort. Hierdie vordering word deur die betrokke raad of liggaam verhaal en binne dertig (30) dae na die sluiting van daardie raad of liggaam se boekjaar aan die Direkteur-Generaal: Water en Sanatasie oorbetaal.

(c) Met ingang van 1 Julie 2016, vyf komma sewe drie sent (5,73c) per kubieke meter ten opsigte van gemeterde water wat vir ander doeleindes as die besproeiing van grond uit 'n staatswaterwerk verskaf of beskikbaar gestel word: Met dien verstande dat waar aan 'n bepaalde verbruiker 'n gratis toewysing uit 'n staatswaterwerk gemaak is, genoemde vordering nie op daardie toewysing van toepassing is nie deurdat dit geag word water te wees wat deur die betrokke verbruiker uit eie bronne voorsien is. Hierdie vordering word deur die Direkteur-Generaal: Water en Sanitasie verhaal, gelyktydig met enige vordering wat ek kragtens artikel 57 van die Nasionale Waterwet hef ten opsigte van die verskaffing van sodanige water vanaf genoemde datum, of is op aanvraag aan hom betaalbaar.

(d) Met ingang van 1 Julie 2016, vyf komma sewe drie sent (5,73c) per kubieke meter ten opsigte van die hoeveelheid water verskaf of beskikbaar gestel vir gebruik vir stedelike, nywerheids- of huishoudelike doeleindes deur 'n statutêre liggaam of 'n waterbestuursinstelling ingestel kragtens die Nasionale Waterwet, of deur 'n waterdiensteinstelling soos omskryf in die Wet op Waterdienste, 1997

(Wet No. 108 van 1997): Met dien verstande dat daar van die totale hoeveelheid water wat na daardie datum verskaf of beskikbaar gestel word deur een van bogenoemde verskaffers, die hoeveelheid water afgetrek moet word wat veskaf of bekikbaar gestel is uit 'n staatswaterwerk soos bedoel in paragraaf 1(c) en die hoeveelheid water wat na daardie datum van enige van bogenoemde verskaffers verkry is ten opsigte waarvan die vordering in paragraaf 1(c) en (d) bedoel, reeds betaal is. Die betrokke verskaffer moet toesien dat die totale bedrag betaalbaar ingevolge hierdie paragraaf ten opsigte van water verskaf of beskikbaar gestel, die Direkteur-generaal: Water en Sanitasie, Privaatsak X313, Pretoria, 0001.

Die geouditeerde state voorgeskryf kragtens artikel 11(3)(b) van genoemde Waternavorsingswet, moet so gou moontlik nadat die betaling genoem in paragraaf 1(d) gedoen is, voorgelê word.

2. Indien sodanige belastings en vorderings na die betaaldag in die geheel of gedeeltelik nog onbetaald is, word rente op die onbetaalde bedrag gehef, teen 'n rentekoers wat van tyd tot tyd deur die Minister van Finansies, in terme van artikel 80(1)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), op lenings wat uit die Staatsinkomstefonds deur die Staat toegestaan word.

3. By die toepassing van hierdie kennisgewing is een kubieke meter gelyk aan een kiloliter.

4. Die sper datum van hierdie Kennisgewing is 1 Julie 2016.

**MEV NP MOKONYANE**
**MINISTER VAN WATER EN SANITASIE**
**DATUM:** 20.09.16